# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 21 JUNIE 2026

# VIERDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

*Ons bid vir Paarl-skool se kinders, personeel en ouers*

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Romeine 6:12-23; Genesis 22:11-14;**
**Psalm 13; Matteus 10:40-42**

| SONDAG, 21 JUNIE | |
|---|---|
| | VADERSDAG |
| 09:00 | Oggenddiens – Ds Johan Janse van Rensburg<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Paarl-skool<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw |
| | **Na afloop van die Erediens**<br>• Gemeentetee<br>• Senior Kategese |
| **MAANDAG, 22 JUNIE** | |
| 18:00 | Kooroefening by De Eike |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 23 JUNIE** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 24 JUNIE** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 25 JUNIE** | |
| **Sopkombuis** | |
| **Sopkokers:** | Mari Bothma, Ronel Le Grange, Roezan Lewis, Lyta Van Wyk, Jacomina Swart, Surina Viljoen, Marietjie Basson |
| **Sop warm maak beurt:** | Surina Viljoen |
| **VRYDAG, 26 JUNIE** | |
| | **SKOLE SLUIT** |

| SATERDAG, 27 JUNIE |
|---|
| |
| **SONDAG, 28 JUNIE** |

VYFDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD
DANKBAARHEIDSONDAG

09:00 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: Gemeente eie fondse
Erediensspan 2 – Heidi Jonas

**GEEN**

- Gemeentetee
- Senior Kategese
- Kleuter- en Kinderkerk

# GEMEENTENUUS




1. Kallie Pauw (Gladiolistraat) ondergaan Maandag 'n operasie.
2. Engela Franken (De Eikestraat) is tans in die hospitaal.
3. Imke Steyn (Oorbietjiestraat) was vir ‘n operasie die week.
4. Ons bid saam vir Renier en Lizaan Wessels (Brackenfell) na die afsterwe van Renier se pa.
5. Leonore Everts (Bosduifstraat) ontvang behandeling.
6. Ons bid saam vir Wilma Roux (Zevenzicht) vir goeie herstel.
7. Ewis Pienaar (Othello) se troosdiens is Woensdag 24 Junie om 11:00 in De Eike. Ons dink aan die familie in hierdie tyd.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



21/06 Eric Brand(84), Anna Malherbe(95), Englise Franken, Inus Basson, Amy van Dalen
22/06 Netta de Villiers, Jasper van Rensburg, Johan Kriel, Christiaan Visser, Piet Rootman, Jeandre Burger, Zandries Marais, Sue-Adrie Jefthas
23/06 Jacques du Plooy, Neels Visser, Nicoline Laubscher(82)
24/06 Joubert Coetzee, Mila Schreuder
25/06 Cobus Myburgh, Retha Kühn, Gerrie Rademeyer, Elsie Hagan, Lua Cooper, Louisa Brand(84), Abbie Marais, Elize Olivier(82)
26/06 Robin Rich(86), Amanda Randewijk(82), Zelma du Toit, Elsabé Marais, Marita Pienaar, Zachory Abrahams, Blake Booysen
27/06 André Hough, Jana van der Merwe, Christine Myburgh, Frans Mouton(89)

# VAN ALLES EN NOG WAT




1. Die kerkkantoor sal **gesluit** wees **Maandag 29 Junie 2026.**

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**PAARL-SKOOL**

Die Paarl Skool vir neuraal gestremde kinders is in Brackenfell geleë. Kinders met serebraal-, fisiese en leerafwykings, outistiese kinders en kinders wat in motorongelukke beseer is, kom na Paarl-skool. Met die hulp van spraak-, arbeids- en fisioterapeute en sielkundiges, 'n verpleegsuster en spesiaal opgeleide onderwysers word elke kind geëvalueer en kry individuele aandag volgens hul onderskeie behoeftes. Spesiaal aangepasde busse vervoer daagliks leerders na en van die skool vanaf so ver as Wellington, Paarl, Stellenbosch en Gordonsbaai. Gesamentlik reis hulle ongeveer 1500 km per dag. 'n Aantal leerders bly in die skool se koshuis.

Alhoewel die skool die normale kurrikulum van die Onderwysdepartement volg, word gespesialiseerde toerusting soos rystoele, opvoedkundige programme en spesiale rekenaars gebruik. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer.

# DIE KOSMANDJIE

Ten spyte van ons baie suksesvolle basaar, het daar steeds baie produkte ingekom vir lede van ons gemeente wat steeds swaar kry in hierdie tyd. Ons wil elkeen hartlik bedank vir sulke vrygewigheid. Elke item word werklik waardeer.

Die enkele items wat laag is, is die volgende :

- langlewe melk
- kondensmelk / idealmelk
- speserye
- blikkies mielies / ertjies
- toiletpapier
- sjampoo
- melkpoeier
- lekkers / chippies
- tamatiepasta
- bully beef
- aanrol vir mans
- waspoeier

Nogmaals baie dankie vir elke item.

Mandjies vol groete

# AKSIE SAMARITAAN - WINTERHOOP

Ons wil net van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê vir elkeen wat 'n bydrae gemaak het om mense te seën met kos, klere en komberse.

*met groot dank - Jeugkommissie*

# SENIOR KATEGESE - PANNEKOEK



Kom ondersteun ons Senior Kategese vanoggend ná die erediens deur heerlike varsgebakte pannekoeke te koop.

**Prys: Slegs R5 per pannekoek**.

Bring die hele gesin saam en geniet iets lekkers terwyl julle kuier. 'n Eenvoudige gebaar wat 'n groot verskil maak.

Baie dankie vir julle ondersteuning!

# WINTERSPROKIE ETE




# BYBELS

Daar is gratis Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels by die kerkkantoor beskikbaar.

Indien jy graag iemand wil seën met 'n Bybel, kontak die kerkkantoor.

# VADERSDAG WOULD YOU RATHER

Sal jy eerder.......

1. 'n Sprinkaan eet of 'n slang vashou?
2. 'n Movie ster wil wees of 'n Springbok rugbyspeler?
3. Kosmaak of die skottelgoed was?
4. Skottelgoed was of wasgoed was?
5. Elke dag die vullis uitneem of die hond se bollie optel?
6. Help met die kinders se huiswerk, of jou vrou om huis skoon te maak?
7. Jou eie boot wil besit of jou eie vliegtuig?
8. Die beste speler van 'n verloorspan wil wees, of die slegste speler van 'n wenspan?
9. Sonder 'n foon wil leef of sonder 'n TV?
10. Na die strand in die somer wil gaan, of in die sneeu in die winter wil gaan ski?
11. Nooit kan ruik nie, of nooit kan proe nie?
12. Hoenders wil grootmaak om eiers te kry, of skape wil grootmaak om wol te kry?
13. In 'n huisboot wil bly of in 'n karavaan?
14. In die ruimte wil bly, of onder die see?
15. Vir 'n week saam met 'n kleintjie wat tande kry alleen in 'n kamer wil wees, of saam met 'n 'moody' tiener?
16. LEGO oral oor die vloer wil hê, of chip krummels in jou bed?
17. Die gras met 'n naelknipper sny, of die matte met 'n tweezers skoonmaak?
18. Dat jou kind hulle neus met jou hemp blaas, of in jou hande?
19. Jou kind se opgooisels skoonmaak of waar jou kind se loopmaak gemors het?
20. Hare oral op jou lyf wil hê, of glad geen hare op jou lyf, en kop nie?

# PREEKSKETS - SONDAG

## Tema: Om die Vader te sien



**Prediker**: Ds Johan Janse van Rensburg

**Skriflesing:** Johannes 14:8–9 (2020 Vertaling)

Daar is sekere vrae wat diep in elke mens se hart leef. Wie is God regtig? Hoe lyk God? Hoe voel Hy oor my? Kan ek Hom vertrou? Hierdie vrae word nie net deur mense vandag gevra nie. Dit is vrae waarmee gelowiges deur die eeue geworstel het. Dit is ook die vraag wat ons in Johannes 14 hoor. Jesus is saam met sy dissipels in die laaste ure voor sy kruisiging. Hulle is onseker, bang en verward oor wat voorlê. Jesus praat van sy vertrek na die Vader en probeer hulle voorberei op die moeilike dae wat kom. In hierdie gesprek vra Filippus iets wat eintlik die verlange van elke mens uitdruk: "Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg."

Filippus se woorde klink eenvoudig, maar dit bevat 'n diep begeerte. Hy sê eintlik: "Jesus, as ons net God self kan sien, sal ons verstaan. As ons net weet hoe die Vader regtig is, sal ons rus vind." Dit is 'n versoek waarmee baie van ons kan identifiseer. Ons verlang ook daarna om God beter te ken. Ons wil weet wie Hy werklik is.

Filippus het gevra: "Here, wys vir ons die Vader." Jesus antwoord: "Wie My gesien het, het die Vader gesien." Meer as tweeduisend jaar later bly daardie antwoord steeds die hart van ons geloof. As ons wil weet hoe God is, kyk ons na Jesus. In sy lewe, sy woorde, sy dade, sy kruis en sy opstanding sien ons die ware gesig van God. Daar ontdek ons 'n Vader wat liefhet, vergewe, herstel en nooit ophou om sy kinders te soek nie.

Maar hierdie gedeelte gaan nie net daaroor dat ons die Vader in Jesus sien nie. Dit gaan ook daaroor dat ons geroep word om iets van die Vader se hart in die wêreld sigbaar te maak. Die kerk is die liggaam van Christus. Ons is die mense deur wie ander iets van God behoort te ervaar. Wanneer ons mense met genade behandel, wys ons iets van die Vader. Wanneer ons vergewe, wys ons iets van die Vader. Wanneer ons mense verwelkom, wanneer ons luister, wanneer ons deernis betoon, wanneer ons liefde gee sonder voorwaardes, dan help ons ander om die Vader raak te sien.